Neem standpunt in vir jou oortuigings!

Instruksies: Doen hierdie oefening op 'n stil plek. Stel jou voor dat jy deel is van die gebeurtenis terwyl jy die tekste lees. Visualiseer die toneel. Hoor die stemme. Ervaar die emosies van die karakters. Leef jou in die verslag in.

Hoofkarakters: Jeremia, Ebed-Meleg, koning Sedekia

Opsomming: Jeremia ondervind hewige teenstand wanneer hy God se boodskap verkondig, naamlik dat die mense van Juda aan die Galdeërs moet oorgee.

1 *ONTLEED DIE TONEEL.—LEES JEREMIA 38:1-5.*

Hoe dink jy het Jeremia gevoel terwyl hy met die mense van Juda gepraat het?_____

Watter emosie hoor jy in Jeremia se stem toe hy Jehovah se waarskuwing verkondig het?

DELF DIEPER.

Waarvan moes Jeremia oortuig gewees het om hierdie boodskap so moedig te kon verkondig?_____

2 *ONTLEED DIE TONEEL.—LEES JEREMIA 38:6-13.*

Gebruik jou verbeelding en beskryf die reënput—die wydte, diepte en reuk daarvan._____

Wat het Jeremia dalk gedink toe hy "in die modder begin wegsink" het? (*Lees weer vers 6.*)_____

DELF DIEPER.

Gebruik die beskikbare navorsingsmateriaal om meer te leer oor die reënputte wat in Bybeltye gebruik is._____

Waarvan moes Ebed-Meleg oortuig gewees het om die inisiatief te neem om Jeremia te red? (*Lees weer verse 7-9.*)

Waarom is Sedekia so maklik beïnvloed, eers deur die vorste en later deur Ebed-Meleg? (*Lees weer verse 5 en 10.*) Wat sê dit van sy karaktervastheid? sy gebrek aan oortuiging?

Wie in hierdie verhaal het sterk oortuiging geopenbaar en wie het nie? Waarom sê jy so?



3 *PAS TOE WAT JY GELEER HET. SKRYF NEER WAT JY GELEER HET OOR . . .*

Moed.

Oortuiging.

Jehovah se beskerming van dié wat hom vreesloos gehoorsaam.

Hoe kan sterk oortuiging 'n uitwerking hê op jou vermoë om te doen wat reg is wanneer jy onder druk is?

4 *WAT OMTRENT HIERDIE VERSLAG IS VIR JOU DIE BETEKENISVOLSTE, EN WAAROM?*

www.jw.org © 2010 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania